Mediaverklaring

13 Julie 2020

Intelligente bestuur van drankverkope, eerder as drakonies verbod die antwoord!

Waarom die regering, elke keer as dit in ‘n hoek gedryf word, met ‘n drakoniese maatreël vorendag kom om die Covdi-19 pandemie se impak op mense se lewens te beredder, spreek boekdele van dié se onbevoegdheid en bevooroordeeldheid jeens sekere ekonomiese sektore.

Hierdie bevooroordeeldheid vind neerslag in die toegewings wat aan die taxi-bedryf gemaak word, terwyl die drankbedryf aan ‘n algehele verbod onderwerp word. Dit maak mos nie sin nie!

Almal is dit eens dat die stygende voorkoms van Covid-19-gevalle en verwante sterftes groot uitdagings vir die gesondheidsbedryf inhou. En dat die virus versprei word vanwee noue kontak tussen mense wat nie maskers dra nie en wat nie gehoor gee aan al die voorsorgmaatreëls nie.

Deur toe te laat dat taxi’s die volle kapasiteit vir die vervoer van passasiers kan benut, gaan die virus net verder laat versprei. Baie taxi-drywers en eienaars steur hulle doodeenvoudig nié aan die voorsorgmaatreëls en die dra van maskers nié.

Deur dít toe te laat, is dit duidelik dat die regering bang is vir die taxi-bedryf en onder druk geswig het. Dit maak ‘n klugspel van President Ramaphosa en regering se bekommernis oor die dodelike impak van die Covid-19 pandemie.

Van groter kommer is die uitlating gisteraand deur die ANC se segsman, Pule Mabe, dat sy party nie sal skroom nie om die ekonomie op te offer in hul poging om mense se lewens te spaar. Uit hierdie tipe breedsprakige en onsensitiewe uitlatings is dit duidelik dat die regerende party geen empatie het met die miljoene werkloses in die land nie!

Derduisende werksgeleenthede is nou in die gedrang vanweë die verbod op drankhandel. Die Suid-Afrikaanse wynbedryf het in 2019, R49 miljard tot die SA ekonomie bygedra en in die proses 290,000 indirekte en direkte werksgeleenthede geskep. Sowat 40 000 werkers is op wynplase en in wynkelders werksaam.

In 2019 het die bedryf R7,5 miljard aan aksynsbelasting en BTW aan die fiskus betaal. Dit is Suid- Afrika se naasgrootste landbou-uitvoersektor na sitrus. En verdien jaarliks meer as R9 miljard aan buitelandse inkomste. R7 miljard van hierdie bedrag word gegenereer deur gebottelde uitvoer en R2 miljard deur die uitvoer van in grootmaat.

Om ‘n algehele ineenstorting van die bedryf te verhoed, moet daar eerder na die intelligente bestuur en implementering van beste praktyke wat drankverkope gekyk word. Onder andere:

- Laat e-handel toe in alkohol toe;
- Beperk volumes;
- Vervroeg die aandklokreël oor naweke;
- Pas strenger strawwe toe op diegene wat onder die invloed van drank bestuur, wat partytjies reël waar drank vrylik vloei of wat huishoudelike geweld pleeg; en
- Maak seker dat alle hospitale voldoende hulpbronne in plek het en behoorlik bestuur word.

Daar is geen regverdiging vir die algehele verbod op alkohol verkope nie. Ook nie vir die inkonsekwente hantering en bevooroordeeldheid teenoor sekere sektore nie! Die antwoord lê eerder in die intelligente bestuur en implementering van internasionale beste praktyke, om die verdere verspreiding van die pandemie te verhoed en ook die ekonomie en werkskepping te bevorder.

Navrae:
Christo van der Rheede
Agri SA, Adjunk-uitvoerende direkteur
(S) 083 380 3492